Jeuggroep byeenkoms

Word deel van 'n jeuggroep met die doel om geestelik te groei/saam te kuier/pret te hê.
Alle jong werkende persone/studente is baie welkom!

Plek: **De Villiersstraat 9, Somerset-Wes**
Datum: **Vrydag, 12 Augustus 2022**
Tyd: **19:00**

(Worsrolle word voorsien).
Vir navrae kontak die koördineerders na 17:00:
Handri – 071 056 6890, Elisma – 082 442 2237, Joelisna – 068 226 9913

Helderberg Uitreik: Dienssentrum

Die Dienssentrum is voortdurend op soek na eierhouers (slegs dié wat 6 eiers kan berg), asook 500 ml & 1 liter joghurt houers. Dit kan by die kerkkantoor afgegee word.

Basaar

Ons benodig asb. leë 1-liter en 2-liter koeldrankbottels vir gemmerbier. Gee asb. by die kerkkantoor af, as jy ons hiermee kan help.

Kategese

- Junior kategese (voorskool tot graad 6) tydens die erediens in die kerksaal.
- Senior kategese na die erediens in die onderskeie lokale in die kerksaal.

7 Aug: Geen Kategese

Volgende geleentheid: 14 Aug – Hou by die reëls

PROGRAM: KATEGESE vir JUNIOR FASE (Voorskool tot graad 6)

Datum	Aanbieding	Aanbieder
14 Aug	Hou by die reëls	Suzelle
21 Aug	Ken jou opponent	Werner
28 Aug	Trek aan vir aksie!	Merizle

AANDAG: Alle nuwe intrekkers

Ons merk heelwat nuwe gesigte in ons geledere op en wil julle hartlik uitnooi om **volgende Sondag, 14 Augustus** direk na die Nagmaal, in Patmos in die saalkompleks te kom tee drink sodat ons julle kan ontmoet. Die gebruik is dat ons 4 x per jaar op dieselfde Sondag as Nagmaal, 'n inligtingsessie vir nuwe intrekkers hou, waar ons ons gemeente se aksies en bedrywighede bekendstel rondom 'n koppie tee en melktert. Julle word nou reeds hartlik uitgenooi na hierdie geleentheid.

Gemeentekamp

Ons herinner gemeentelede graag aan die **Gemeentekamp** wat sal plaasvind die naweek van **2-4 September** te **Disakloof kampterrein** by **Bettysbaai**. Daar is beperkte verblyf in die huisies, en dan is daar ook kampeerplek. Diegene wat belangstel moet asb. hul name by die kerkkantoor opgee (021 852 1787). Verdere reëlings rakende die kamp sal dan direk met die kampgangers gekommunikeer word.

Koördineerder: Gerrit van Zyl (071 604 3513)